

Volhoubare ontwikkeling bevorder

Kapasiteit kan gebou word deur gebruik te maak van kundigheid

LOUISE MOUTON

Stilbaai

Die Hessequa Munisipaliteit is bekend vir sy natuurskoon en die volhoubare benutting van natuurlike hulpbronne, maar beleef ook die uitdagings van sosio-ekonomiese en ekologiese probleme, asook 'n gebrekkige infrastruktuur.

Die munisipaliteit en die Universiteit Stellenbosch (US) werk sedert 2007 op informele basis saam om dié probleme op te los en veral ontwikkelingsbehoefes in die Hessequa gebied die hoof te bied. Om bande tussen die twee instansies te versterk is 'n Memorandum van Verstandhouding (MvV) onderteken deur die Uitvoerende Burgemeester van Hessequa, raadslid Emor Nel, en die Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch, prof Russel Botman, op Maandag, 5 Desember. Die MvV sal volhoubare ontwikkeling in Riversdal, Stilbaai, Witsand, Heidelberg, Gouritsmond, Albertinia, Vermaaklikheid, Garcia en Slangrivier bevorder, in 'n poging om inwoners van dié dorpe se lewensomstandighede verbeter.

"Die ooreenkoms met die US sal Hessequa Munisipaliteit die geleentheid bied om kapasiteit te bou deur gebruik te maak van die kundigheid wat beskikbaar is," het Nel aan die media gesê. Gemeenskaplike, uitvoerbare inisiatiewe sal 'n integrale deel vorm van ons Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), het sy bygevoeg. "Die inisiatiewe sal fokus op volhoubare energie, reiniging en water en om 'n



Die kommunale bestuurder van Hessequa munisipaliteit, mnr. Johan Jacobs, mnr. Reggie Wesso (bestuurder, strate, stormwater, parke en oorde), me. Lorna Scott (alternatiewe projekte, Hessequa), die Uitvoerende burgemeester van Hessequa munisipaliteit, rdl. Emor Nel, Prof. Russel Botman (Rektor en Visekanselier van die Universiteit van Stellenbosch) en die onder-burgemeester van die Hessequa munisipaliteit, rdl. Julian Merkeur. (Foto: verskaf)

strategiese vennootskap te vorm vir die daarstel van 'n ontwikkelingsraamwerk".

Hessequa munisipaliteit en die US sal ook met plaaslike besighede, opvoeding- en gemeenskapsorganisasies en nie-regeringsorganisasies saamwerk om volhoubare plaaslike ekonomiese ontwikkeling te bevorder. Die twee instansies het reeds gesamentlik die eerste son-waterververhitter-projek (solar water

geyser) vir laekoste-behuising in Kwanokuthula buite Riversdal geloods. Hierbenewens het die US die Hessequa munisipaliteit gereed van raad en leiding oor volhoubare ontwikkelingskwessies voorsien. Prof. Russel Botman het gesê die US, met sy omvattende kennisbasis, sy visie om 'n aktiewe rolspeler in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing te wees en sy soeke na groter rele-

vansie deur sy HOOP Projek, is goed geposisioneer om 'n sleutelrol te speel by die ontwikkeling van menslike potensiaal in Hessequa en die ontwikkeling van 'n volhoubare ontwikkeling- en bestuurstrategie vir die streek.

Ander vennootskappe:

Dié vennootskap bevestig opnuut die Universiteit se verbintenis tot landelike ontwikkeling en volhoubaarheid. In Januarie vanjaar is

'n MvV ook met Drakenstein Munisipaliteit onderteken om volhoubaarheid in die Drakenstein gebied te bevorder. 'n Soortgelyke MvV is in plek met die Stellenbosch Munisipaliteit wat ook Pniel en Franschhoek insluit. Hierbenewens het die Universiteit ook 'n MvV met die Stad Kaapstad (deur die Kaapse Konsortium vir Hoër Onderwys, oftewel CHEC) gesluit.



Die Uitvoerende burgemeester van Hessequa munisipaliteit, raadslid Emor Nel en die Rektor en Visekanselier van die Universiteit van Stellenbosch, prof. Russel Botman het Maandag, 5 Desember 'n Memorandum van Verstandhouding onderteken. (Foto: verskaf)

Die burgemeester van Hessequa, rdl. Emor Nel en Rektor en Visekanselier van die Universiteit van Stellenbosch, Prof. Russel Botma klink 'n glasië sjampanje op die memorandum van Verstandhouding wat tussen die twee partye onderteken is. me. Lorna Scott (alternatiewe projekte Hessequa), links en die onder-burgemeester van Hessequa munisipaliteit, rdl. Julian Merkeur, regs staan by. (Foto: verskaf).